DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug;
want sonder My kan julle niks doen nie. *Johannes 15:5*

11 November 2018

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 46: 1, 6	Sing vooraf	Ps. 86: 4, 5
Sing	Ps. 48: 4, 5	Sing	Ps. 104: 1 - 3
	Ps. 79: 5, 6		Ps. 18: 3, 7
	Ps. 83: 1		Ps. 144: 4 - 6
	Ps. 119: 25, 26		
Skriflesing	Rigters 4:1-24	Skriflesing	Rigters 4: 1-24
Teks	Rigters 4:1-3	Teks	Rigters 4:6-9
Tema	**Christen wees in die wêreld - moenie soos die wêreld word nie**	Tema	**Christen wees in die wêreld - wees anders, gehoorsaam die Here!**
Katkisasie-opening: Skrifberyming 18-6: 1, 2, 5 (Sb. 57)			

2. ALGEMENE KERKNUUS

BEROEPE

Beroepe Bedank

- Ds TJ van Vuuren (Tommie) van Heilbron na Durban-Noord

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BEGROTING 2019/20

Alle voorsitters en sameroepers word vriendelik versoek om die kassiere, sr. Yolandi Taljaard (kassier.gkbellville@gmail.com) te kontak rakende u toedeling van fondse in die begroting vir die finansiële jaar 2019/20.

BYBELSTUDIE

Bellville: Dinsdag om 09h30 en 19h00
Dames Bybelstudie: Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

EKO-KLUB

Die bestellings vir herbruikbare strooitjies kan nog tot vanaand om 20h00 geplaas word. Die bestelvorm is op die aansteekbord in die teedrinklokaal of u kan met sr. Emzy Venter skakel. Alle strooitjies word verkoop met 'n skoonmaker en sakkie waarin al die goedere pas. Daar is foto's van die items op die aansteekbord aangebring.

Pryse:

- Glas-strooitjie: gebuig = R85 ; reguit = R80
- Staal-strooitjie: swart = R70 ; silver = R68 ; roos-goud = R65
- Bamboes-strooitjie = R75

DIE GEELBLADSYE

Die Geelbladsye is ons gemeente se advertensie blad wat een keer per kwartaal (met nagmaal) uitgegee word. Nuwe advertensies of veranderinge aan bestaande advertensies moet asseblief voor **Dinsdag, 20 November** om **09h00** gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za

GEMEENTEKALENDER 2019

U ouderling sal met huisbesoek u gemeentekalender vir 2019 aflewer. Indien daar enige lidmate is wat 'n donasie wil skenk om te help met die drukkoste, kan u dit in 'n gemerkte koevert in die kassiere kissie plaas of per EFT oorbetaal met die verwysing *DRUKKOSTE*.

GEREFORMEERDE LAERSKOOL BELLVILLE KERSSANG

Die personeel en leerders van die Gereformeerde Laerskool Bellville nooi u hartlik uit na hul Kerssang op DV **Donderdag, 6 Desember** om 10h00 in die Vrye Gereformeerde Kerk se kerkgebou. Verversings word na afloop van die verrigtinge bedien.

GKSA ALMANAK

Die 2019 uitgawe van die GKSA Almanak sal DV einde November beskikbaar wees teen R95. U kan nou die **2018 uitgawe** teen 'n afslag-prys van **R50** by die kerkkantoor aankoop.

HUISBESOEK

Wyk **Brackenfell 1** (oudl. Gustaaf Costerus) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

KIERIEKLUB

Die Kierieklub beplan om DV **Saterdag, 8 Desember** by **Assegaaibosch (Jonkershoek)** te gaan stap en dan saam piekniek te hou. Alle lidmate is hartlik welkom – ook dié wat nie wil stap nie, maar net wil inskakel vir die geselligheid. Daar is meer besonderhede en 'n naamlys op die kennisgewing-bord in die teedrinklokaal. Kontakpersoon: br. Willem de Haan

KOOR

Die koor oefen vanmiddag om 17h00 in die kerkgebou. Alle belangstellendes word hartlik uitgenooi om saam te kom sing! Kontakpersoon: sr. Etresia Hendricks

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Br. Danie Smit wat in die komende week 'n operasie ondergaan.

OMGEWINGSPITKOS

Die noodsaak vir meer praktykgerigte voorstelle in die Pitkos-reeks word besef om ons lidmate te oortuig om meer omgewingsvriendelik te leef. Ons deelname aan God se skeppingsorg en voorsienigheid vir die hele skepping spruit egter vernaamlik voort uit 'n intieme verhouding met God in gemeenskap met Christus en onder waarborg en leiding van die Heilige Gees. Hoe en waar God ons wil gebruik vra dus aanbidding, luister en afwagting. As u dié anker in ons benadering erken, sal vele doen-dinge opdiep. So 'n houding is allermins passief maar getuig van 'n wil tot betrokkenheid.

SENIORS

Alle Seniors word hartlik uitgenooi na die Kers-ete op DV **Woensdag, 14 November**. Dit vind plaas in ons konsistorie om 11h00 vir 11h30. Skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal indien u die geleentheid wil bywoon. Kontakpersoon: sr. Geertje Groenewald (083 709 6698)

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Eerskomende Saterdag is die maandelikse Skiereiland vir Christus-aksie by Laerskool De Waveren in Ruyterwacht. Ons nooi dan ook die kinders en hul ouers na ons erediens die volgende dag. Ons verskaf aan hulle vervoer, woon saam die erediens by en eet dan saam middag-ete. Almal is hartlik welkom! Kontakpersoon: sr. Elré Gerber

4. SUSTERS

TEESKINKBEURTE

Vandag: Srs. **Emzy Venter**, Jorita Boneschans, Syntyché de Waal, Luna Ludeke, Tokkie Snyman, Hita van Wyk, Daleen Venter, Annette Wendt

Volgende Sondag: Srs. **Lidia Juyn**, Elly den Haan, Engela du Plessis, Annalize Louw, Hester Lyons, Carin van den Bout, Liana van der Walt, Margarita van Niekerk

5. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Cobus du Plessis, Pieter van Niekerk, Albert Mulder, Willie Swanepoel

Volgende week: Brs. Ludwig Venter, Paul Swart, Tommie Venter, Reinard Visser

Ouderlinge

Vandag: Brs. Johan Snyman, Berend Meijering, Ruhan Coetzee, Llen Labuschagne

Volgende week: Brs. Daan Joubert, André Coetzee, Willem de Haan, Peet van der Walt

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)

Vandag: Brs. Cassie Bester, Martin van der Walt

Volgende week: Brs. Arno Loots, Chris de Waal

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Huis Boland	Diakonale Kas
By die deure:	Thusofonds	Bolandse Bedieningsfonds

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

November: 12/11 Brackenfell 1, 26/11 Table View

Desember: 03/12 Kuilsrivier

NAGMAAL

Ons gemeente vier DV **Sondag, 25 November** tydens die oggend erediens die sakrament van die Heilige Nagmaal. Rakende die Nagmaalviering die volgende: Die Gereformeerde Leer vereis dat daar toesig gehou word oor almal wat aan die Nagmaal deelneem. Die Here vereis van die kerkraad om te sorg dat die tafel van die Here heilig gehou word. Die kerkraad moet hulle dus voor die Here kan verantwoord oor die leer en lewe van elke deelnemer aan die Nagmaal. Enige persoon wat nie ‘n belydende lidmaat van die Gereformeerde Kerk Bellville is nie en wat wil deelneem aan ‘n Nagmaalviering in die GK Bellville, moet dus ‘n getuienis inlewer van die kerk waar hy/sy vandaan kom. In hierdie getuienis moet sy/haar kerk baie duidelik aantoon dat hierdie persoon suiwer is in leer en lewe en dat hulle inderdaad aanbeveel dat so ‘n persoon saam met ons Nagmaal vier. Gevolglik kan lidmate van enige kerk wat nie saamstem met die leer en die sakramentsbeskouing van die GKSA nie, ook nie tot die Nagmaaltafel toegelaat word nie. Alle aansoeke om saam met ons Nagmaal te vier, moet voor die kerkraad dien. Dit is verkieslik dat hierdie aansoeke skriftelik moet wees en dat die aanbevelings ook

skriftelik moet wees. By wyse van buitengewone uitsondering, kan telefoniese bevestiging van die kerk waar sodanige nie-lidmate vandaan kom, aanvaar word.
Aansoeke om Nagmaal saam met ons te vier, moet asseblief voor of tydens die kerkraads-vergadering **Woensdag, 21 November**, wat die nagmaal voorafgaan, ingedien wees.

VERGADERINGS
Skiereiland vir Christus
Vanaand na die erediens in die konsistorie
Finansiële Kommissie
Maandag om 18h00 in die konsistorie
Katkisasie Kommissie
Volgende Sondag na die aanderediens in die konsistorie

6. VERJAARSDAE

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. 'n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Vandag	Sr. Lana Senekal
12/11	Sr. Annelise Fourie
13/11	Br. Willem de Haan Br. Coetzee Smit Gabriel Venter (3 jaar)
16/11	Mason Kemp (7 jaar)
17/11	Sr. Juliët van Wijk

Die Gees wat ons ontvang het, is nie die gees van die wêreld nie, maar die Gees wat van God kom, en daardeur weet ons wat God ons uit genade geskenk het. *1 Korintiërs 2:12*

7. KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Bellville		
Broadway 6, Bellville, 7530	Posbus 5009, Bellville, 7535	
E-pos: gkbellville@mwebbiz.co.za	Tel: 021 945 1515 Faks: 086 465 4609	
Kerkkantoor: Dinsdae 09h00 - 12h30		
Predikant	Ds. Coen Vrey	082 808 4432
Kerkplanter	Dr. Simon Jooste https://rcsasouthernsuburbs.com/	083 973 5818
Skriba	Oudl. Jacobus Venter skriba.gkbellville@gmail.com	
Gereformeerde Kerk Bellville, ABSA, Santyger, Takkode 632 005 Tjek rek 340 340 205		
Regstreekse erediens uitsending	http://kerkdienstgemist.nl/assets/462806	
www.gkbellville.org	https://www.facebook.com/gk.bellville	

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag** om **16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za